*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (31/24)*

**(Volg my op X justchad_cga)**

*Justin Chadwick 2 Augustus 2024*

***"Tolerance becomes a crime when applied to evil" Thomas Mann***

## SUURLEMOEN FOKUSGROEP PAS VOORSPELLING AAN

Die Suurlemoen Fokusgroep van die Citrus Growers' Association of Southern Africa (CGA) het op 30 Julie vergader om uitvoerskattings te hersien. Alhoewel die suurlemoenseisoen ten einde loop, en sommige gebiede klaar gepak het, het terugvoer van die oorblywende gebiede 'n verdere afwaartse aanpassing van die algehele uitvoerskatting genoodsaak.

Aan die begin van die suurlemoenseisoen is die uitvoer van 37,9 miljoen 15 kg kartonne suurlemoene geprojekteer. Dit is verminder tydens vergaderings wat deur die seisoen gehou is. Hierdie week se aanpassing bring die totale skatting vir 2024-uitvoere van suurlemoene op 33,9 miljoen kartonne te staan. Verlede jaar het Suider-Afrika 35,6 miljoen kartonne uitgevoer. Aanpassings vandeesweek deur die Sondagsriviervallei (byna 1 miljoen kartonne af) en die Wes-Kaap (Citrusdal met 100 000 kartonne af) was die belangrikste. Sterk winde in die Sondagsriviervallei en oorstromings in Citrusdal het 'n impak op hierdie syfers gehad. Die algehele suurlemoenskatting volg 'n patroon wat duidelik geword het namate die sitrusseisoen gevorder het: as gevolg van droër weer wat veroorsaak het dat vruggroottes ietwat kleiner is, goeie plaaslike sappryse, asook onlangse erge weersomstandighede, sal minder 15 kg kartonne sitrus uitgevoer word, as wat verwag is. Leroux Venter, voorsitter van die Suurlemoen Fokusgroep, het die aanpassing verwoord: "There is a clear swing in the figures. It has been a very unusual season. While there was an initial concern that there might be an oversupply of lemons, this is definitely not the case anymore. Supply will be relatively stable and the demand, especially in Europe, looks good."

## SUID-AFRIKA VERSOEK VIR DIE INSTEL VAN TWEE PANELE BY DIE WHO-DISPUUTBESLEGTINGSLIGGAAM

Suid-Afrika het op Vrydag 26 Julie die instelling van twee panele versoek by 'n vergadering van die Dispuutbeslegtingsliggaam (DSB) van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) om te ondersoek wat, na Suid-Afrika se mening, onwetenskaplike en diskriminerende maatreëls is wat geplaas word op sitrus wat vanaf Suid-Afrika deur die Europese Unie (EU) ingevoer word.

Die aanvanklike versoeke vir die instelling van die panele is op 24 Junie 2024 gerig en is nie deur die EU aanvaar nie. In ooreenstemming met die WHO-dispuutbeslegting, is die tweede paneelversoeke wat op 26 Julie gemaak is, outomaties goedgekeur.

Hierdie WHO-dispuutbeslegtingsstappe is geneem om die EU se regulasies oor Sitrusswartvlek (CBS) en Valskodlingmot (VKM) aan te spreek. Die regulasies word deur die Suid-Afrikaanse regering uitgedaag ten einde die lewensbestaan van tienduisende mense in die plaaslike sitrusbedryf te beskerm.

Tans bestee Suid-Afrikaanse sitrusprodusente miljarde rande per jaar om te voldoen aan CBS- en VKM-maatreëls wat onwetenskaplik en onnodig beperkend is, aangesien Suid-Afrika reeds 'n doeltreffende wêreldklas-risikobestuurstelsel het wat veilige sitrusuitvoere verseker. Opkomende sitrusprodusente word veral swaar deur hierdie maatreëls getref. Die betrokke maatreëls raak nie net Suid-Afrika nie, maar ook ander Suider-Afrika lande wat van SA se infrastruktuur afhanklik is vir hul sitrusvrugte-uitvoere.

## CITRUS ACADEMY HR-FORUM

Die HR-forum is vir Woensdag, 7 Augustus 2024, geskeduleer. Dit sal 'n aanlyn geleentheid via **Zoom van 10:00 tot 12:00** wees en is 'n insiggewende vaardigheidsontwikkelingsruimte om insigte te deel, vrae te vra en om met mede-HR en vaardigheidsontwikkeling professionele persone te skakel. Sluit by ons aan vir lewendige besprekings, goeie advies en die nuutste vaardigheidsontwikkelingstendense. Registreer asseblief op ons webwerf https://citrusacademy.org.za/hr-forum-2024/ en ons sal vir jou die Zoom-skakel stuur.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Einde van Week 30<br>Miljoen 15 kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronk-like skatting | Nuutste voorspel-ling | Finaal gepak | *Vision* 260 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/AGRIHUB** | 2022 | 2023 | 2024 | 2023 | 2024 | 2024 | 2024 | 2023 | 2024 |
| Pomelo's | 15.9 m | 12.7 m | 13.1 m | 11.9 m | 12.1 m | 16.8 m | 14.9 m | 14.7 m | 16.2 m |
| Mandaryne | 23.7 m | 28.2 m | 28.3 m | 23.2 m | 21.2 m | 43.0 m | 42.7 m | 38.0 m | 39.6 m |
| Suurlemoene | 32.1 m | 33.3 m | 30.6 m | 31.6 m | 27.2 m | 37.9 m | **33.9 m** | 35.6 m | 39.0 m |
| Nawels | 23.0 m | 20.9 m | 18.0 m | 17.2 m | 14.8 m | 25.7 m | 21.0 m | 24.8 m | 22.3 m |
| Valencias | 17.8 m | 18.1 m | 15.5 m | 13.2 m | 9.9 m | 58.3 m | 51.6 m | 52.0 m | 55.4 m |
| **Totaal** | **112.5 m** | **113.2 m** | **105.5 m** | **97.1 m** | **85.2 m** | **181.7m** | **164.1 m** | **165.1 m** | **172.5 m** |

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' OF SOUTHERN AFRICA***